*Crest.*—In front of a staff ensigned with a cross Azure entwined of two serpents respectant, a double-handled antique lamp Gules enflamed of an eight-pointed star Or.

*Wreath and mantling.*—Argent and Gules.

*Applicant.*—John Shamus Wales Bond. (H4/3/4/160.)

*Arms.*—Or, on a chevron Sable three crosses of the field, on a chief Sable, a trout naiant proper.

*Crest.*—A leopard sejant proper holding in the dexter forepaw a long cross Sable.

*Wreath and mantling.*—Or and Sable.

*Motto.*—FIDES IN NOMINE.

No. 1335 22 June 1979

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF ERF 4589 WITH THE STRUCTURE KNOWN AS FORT AMIEL THEREON, AT NEWCASTLE

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Willem Adriaan Cruywagen, Minister of National Education, hereby declare Erf 4589, with the structure known as Fort Amiel thereon, at Newcastle, to be a national monument.

*Description*

The property with the structure known as Fort Amiel thereon, being Lot 4589 Newcastle (Extension 22), situate in the Townlands of Newcastle, Klip River Division, Province of Natal, and measuring nine thousand nine hundred and seventy-three (9 973) square metres.

Deed of Transfer 4138/1973, dated 16 March 1973 (paragraph 1).

*Historical and architectural interest*

This structure was named after Major Ameil and was erected in about 1878. It was used by British soldiers during the Zulu Rebellion and the First War of Independence. 10/2/393.

W. A. CRUYWAGEN, Minister of National Education.

No. 1336 22 June 1979

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE PROPERTY WITH THE SO-CALLED "OU PASTORIE" THEREON, SITUATED AT 141/143 DORP STREET, STELLENBOSCH

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Willem Adriaan Cruywagen, Minister of National Education, hereby declare the property with the building known as the "Ou Pastorie" thereon, situated at 141/143 Dorp Street, Stellenbosch, to be a national monument.

*Description*

The property with the historic building known as the "Ou Pastorie" thereon, namely certain piece of land being the remaining extent of Erf 1141, Stellenbosch, situate in the Municipality and Division of Stellenbosch, and measuring as per remaining extent two thousand seven hundred and sixty-six (2 766) square feet.

Deed of Transfer 5781/1967, dated 21 March 1967.

*Helmteken.*—Voor 'n blou staf getop deur 'n kruis en omwonde van twee toegewende rooi slange, 'n rooi antieke dubbeloor lampie gevlam met 'n goue agtpuntige ster.

*Wrong en dekklede.*—Silwer en rooi.

*Aansoeker.*—John Shamus Wales Bond. (H4/3/4/160.)

*Wapen.*—In goud, 'n swart keper belaai met drie goue kruise, en op 'n swart skildhoof 'n swemmende forel van natuurlike kleur.

*Helmteken.*—'n Sittende luiperd van natuurlike kleur wat met die regtervoorpoot 'n swart langkruis vashou.

*Wrong en dekklede.*—Goud en swart.

*Wapenspreuk.*—FIDES IN NOMINE.

No. 1335 22 Junie 1979

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN ERF 4589, MET DIE STRUKTUUR BEKEND AS FORT AMIEL DAAROP, TE NEWCASTLE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Willem Adriaan Cruywagen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby Erf 4589 met die struktuur bekend as Fort Amiel daarop, te Newcastle, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die struktuur bekend as Fort Amiel daarop, synde Perseel 4589, Newcastle (Uitbreiding 22), geleë in die dorpsgebied Newcastle, afdeling Kliprivier, provinsie Natal, en groot negeduisend negehonderd drie-en-sewentig (9 973) vierkante meter.

Transportakte 4138/1973, gedateer 16 Maart 1973 (paragraaf 1).

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie fort is vernoem na maj. Ameil en is in ongeveer 1878 opgerig. Dit is tydens die Zoeloe-opstand en die Eerste Vryheidsoorlog deur die Engelse soldate gebruik. 10/2/393.

W. A. CRUYWAGEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1336 22 Junie 1979

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE EIENDOM MET DIE SOGENAAMDE OU PASTORIE DAAROP, GELEË TE DORPSTRAAT 141/143, STELLENBOSCH

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Willem Adriaan Cruywagen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die gebou bekend as die Ou Pastorie daarop, geleë te Dorpstraat 141/143, Stellenbosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die historiese gebou bekend as die Ou Pastorie daarop, te wete seker stuk grond synde die resterende gedeelte van Erf 1141, Stellenbosch, geleë in die munisipaliteit en afdeling Stellenbosch en groot soos per resterende gedeelte tweeduisend sewehonderd ses-en-sestig (2 766) vierkante voet.

Transportakte 5781/1967, gedateer 21 Maart 1967.

*Historical and architectural interest*

The original portions of this Cape Dutch house date from the middle of the eighteenth century and it was first used as parsonage for the Rev. Meent Borcherds. The property forms an essential part of the traditional architectural street scene of Dorp Street, and thus also of the historic core of Stellenbosch. 10/2/670.

W. A. CRUYWAGEN, Minister of National Education.

## DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1318 22 June 1979

APPOINTMENT OF ACTING MINISTER

It is hereby notified that the Acting State President has approved the appointment, from 10 June 1979, of the Honourable J. C. Heunis as acting Minister of Plural Relations and Development during the absence from South Africa of Dr the Honourable P. G. J. Koornhof.

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 1294 22 June 1979

The Honourable the Minister of Transport has in terms of section 4 (2) of the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977), approved the appointment of Mr C. van der Burgh as member of the Local Road Transportation Board, Bloemfontein, in the place of Mr C. S. van der Linde until 31 December 1980.

## DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

No. 1344 22 June 1979

GROOT RIVER GOVERNMENT WATER CONTROL AREA, DIVISIONS OF WILLOWMORE, STEYTLERVILLE, UITENHAGE AND HUMANSDORP, CAPE PROVINCE.—NOTICE IN TERMS OF SECTION 63 (4) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956)—DETERMINATION OF THE MAXIMUM EXTENT OF LAND WHICH MAY BE IRRIGATED

1. I, Abraham Jacobus Raubenheimer, in my capacity as Minister of Water Affairs, determine, in terms of sections 63 (2) (a) and 63 (2A) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), that the maximum extent of land in the Groot River Government Water Control Area which may be irrigated with water from a Government water work is as follows, provided that such land can, in the opinion of a Scheduling Board appoined by me in terms of section 64 (1) of the said Water Act, be irrigated beneficially:

(a) Twenty-five comma seven (25,7) hectares per owner plus five (5) per cent of the balance of the irrigable area of his property(ies), as registered in the office of the Registrar of Deeds on the date of the inclusion thereof in the Government Water Control Area; or

*Historiese en argitektoniese belang*

Die oorspronklike gedeeltes van hierdie Kaaps-Hollandse huis dateer uit die middel van die agtiende eeu en is oorspronklik as pastorie vir ds. Meent Borcherds gebruik. Die eiendom vorm 'n wesentlike deel van die tradisionele argitektoniese straatbeeld van Dorpstraat en dus ook van die historiese kern van Stellenbosch. 10/2/670.

W. A. CRUYWAGEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

## DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1318 22 Junie 1979

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE MINISTER

Hierby word bekendgemaak dat die Waarnemende Staatspresident goedkeuring geheg het aan die aanstelling, van 10 Junie 1979 af, van Sy Edele J. C. Heunis as Waarnemende Minister van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling gedurende die afwesigheid uit Suid-Afrika van Sy Edele dr. P. G. J. Koornhof.

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 1294 22 Junie 1979

Sy Edele die Minister van Vervoer het ingevolge die bepalings van artikel 4 (2) van die Wet op Padvervoer, 1977 (Wet 74 van 1977), goedkeuring verleen dat mnr. C. van der Burgh tot 31 Desember 1980 as lid van die Plaaslike Padvervoerraad, Bloemfontein, in die plek van mnr. C. S. van der Linde, aangestel word.

## DEPARTEMENT VAN WATERWESE

No. 1344 22 Junie 1979

GROOTRIVIER - STAATSWATERBEHEERGEBIED, AFDELINGS WILLOWMORE, STEYTLERVILLE, UITENHAGE EN HUMANSDORP, KAAPPROVINSIE. — KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 63 (4) VAN DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956)—BEPALING VAN DIE MAKSIMUM OMVANG VAN GROND WAT BESPROEI KAN WORD

1. Ek, Abraham Jacobus Raubenheimer, bepaal ingevolge artikels 63 (2) (a) en 63 (2A) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), in my hoedanigheid van Minister van Waterwese, dat die maksimum omvang van grond in die Grootrivier-staatswaterbeheergebied wat met water uit 'n staatswaterwerk besproei kan word, soos volg is, mits dit na die mening van 'n inlystingsraad deur my ingevolge artikel 64 (1) van genoemde Waterwet aangestel, voordelig besproei kan word:

(a) Vyf-en-twintig komma sewe (25,7) hektaar per eienaar plus vyf (5) persent van die res van die besproeibare oppervlakte van sy eiendom(me), soos geregistreer in die kantoor van die Registrateur van Aktes op die datum van insluiting daarvan in die Staatswaterbeheergebied; of